Die Merk Van Die Dier

Die Here seën julle. Goeiemôre, vriende. Bly om weer hier te wees vandag. En ek sien dis 'n bietjie warm daaragter, en daar is nie enige waaiers wat hulle wil aanskakel nie, wel, dit sal in die haak wees. Ek was net 'n bietjie laat. Ek's altyd 'n bietjie laat. Maar die telefoonoproepe en dinge wat my so opgehou het, en veral die bestuurder wat geskakel het en vir my vertel het waar die toekomstige byeenkomste gehou sou word.

2 So, volgende Sondag, begin ons by die skougronde van Shreveport, in 'n groot tent, volgende Sondag, om 'n twee-week diens te hou. Die eerste week, net preekdienste, die Evangelie. En dan, die tweede week, 'n genesingsdiens. En dan van die vyfde tot die negende, by Saskatoon, Saskatchewan, Kanada, in die ys-arena daar, waar ons 'n paar jaar gelede was. En dan, teen daardie tyd, kom ons terug en gaan dan na die Kalifornië, vir die groot vyftig-jaar, Azusastraat-byeenkoms. En dan die Kaliforniese kus, bo rondom San Francisco, en daarbo. Daar is verskeie byeenkomste gereël. En Broer Cox sal hulle baie binnekort hê, sodra ons hulle geskeduleer kan kry.

3 Nou, ek's so bly om 'n Christen te wees vanmôre. Ek weet net nie van enigiets groter as om 'n Christen te wees nie. Ek kan dink aan jare wat verby is en van vermorste lewe. En ek het gedink, nou die dag, op sewe-en-veertig nou, het ek gedink: "As ek net daardie drie-en-twintig jaar kan terugkry wat ek in die wêreld gelewe het!" Ek was drie-en-twintig voor ek 'n prediker van die Evangelie gemaak is, deur die genade van God. En as ek net daardie jare kon terugkry, sal ek dit graag wil doen vir een doel, om dit in te haal deur die Evangelie te preek, om siele gered te kry.

4 Daar is niks groter as om 'n siel wedergebore te sien word in die Koninkryk van God nie. En ek kan die jare van wandel in die wêreld onthou, waar ek, skynbaar, gedink het ek het 'n lekker tyd gehad. Sover dit sedes betref het, ek . . . Die Here het my soveel daarin geseën, nie om onsedelik te wees, en te drink, rook, rond te loop, onsedelike lewe nie. Maar, tog, het ek . . . Gedink ek was nogal 'n goeie kêrel, maar eendag, het die Here my op 'n sterfbed laat beland, en toe het ek besef daar was niks goeds in my nie. Dat dit . . . Ek moet 'n ondervinding hê om wedergebore te word.

5 En toe die Here Jesus my gered het, ek sê nie dat alles baie goed was van toe af nie, maar ek het soveel vreugde gehad in die wete dat, as enigiets wel gebeur, alles in orde is. Sien daar, dat ek vrede met God het, wat alle verstand te bowe gaan. Partymaal, kan ek nie daardie dinge verstaan nie, maar deur Sy Woord te

ken wat Hy dit belowe het, alles ten goede is, dan is dit alles reg. Dit handel dit net vir altyd af.

6 Nou, vandag, is die onderwerp waaroor ek sou onderrig: *Die Merk Van Die Dier*, wat 'n baie kardinale onderwerp is. En dit sou, miskien, om dit te probeer benader vanaf 'n—'n standpunt . . . Wel, daardie onderwerp sou waarskynlik neem . . . Ek kon drie of vier maande daarop bly, elke dag, en steeds in die Skrifte wees oor daardie groot onderwerp.

7 Maar ek het gedink, vandag, siende dat ons sou bid vir die siek mense, na vanmôre se Sondagskoolsessie . . . Baie van die mense vegader hierbinne vir genesing, en hulle wag hierrond in motelle en hotelle, en wag vir vanmôre, tot wanneer hulle kan inkom en voor gebid word. En ons wil beslis nie hulle tydjie opneem nie.

8 So as ek begin met die onderwerp, en dan voortgaan, oor 'n paar dae, wanneer ek weer terugkom; miskien tussen die twee dienste, dan weer terug daarna. Ek sal probeer aangaan, as die Here wil, met: *Die Merk Van Die Dier*. En julle . . . *Die Merk Van Die Dier* te onderrig, moet jy *Die Seël Van God* hê wat daarmee saamgaan, want hulle gaan hand-aan-hand.

9 Nou, in hierdie groot kardinale onderwerp, voor ons dit benader, kom ons praat met die Outeur van die Woord, die Here Jesus, net in 'n oomblik van gebed, as ons ons hoofde sal buig.

10 Ons dierbare Hemelse Vader, ons kom nou nederig na U toe, in die Naam van die Here Jesus, U Seun. En vra vir Goddelike genade en leiding in die Skrif. Deur self te besef, dat die gekooptes van Sy Bloed hier voor my sit. En een Woord wat verkeerd voorgestel word, een of ander siel kan laat wegdraai. Maar die regte Woord wat op die regte tyd, en op die regte plek voorgestel word, 'n verdwaalde sondaar na Christus toe kan laat kom. So, help ons, Dierbare God. En seël ons lippe vir enigiets wat teenstrydig sal wees met U Goddelike wil. U ken elke hart, en U ken die behoefte van elke hart. En ons bid dat U die Heilige Gees, die Woord van God sal laat neem en Dit na elke hart sal lei, net soos ons behoefte het. Want ons vra dit in Christus' Naam, U Seun. Amen.

11 Nou, in die 13de hoofstuk van—van die Openbaring van Jesus Christus, wil ons 'n gedeelte daaruit lees, en ook uit die 14de hoofstuk van die Boek van Openbaring.

12 Nou, daar is 'n—'n sitplek, wat hier oorkant is, 'n bankie, as Broer Fleeman, as jy dit wil hê, vir sommige van hulle aan die agterkant, dis net reg teen die muur hier oorkant, wel, jy sal meer as welkom wees.

13 Ons kerkie is miskien nie voldoende nie, vir die hoeveelheid van die—die mense nie, maar ons . . . Mense kom en kan nie sitplekke kry nie, dan gaan hulle terug. Maar ons het hier begin, en dis 'n gewyde plekkie, en ons het dit baie lief met ons hele

hart. En ons—ons hou net daarvan om binne hierdie ou mure te bly, want God het al baiekeer afgekom en ons geseën binne hierdie mure.

14 Nou, in die 13de hoofstuk, en vanaf die . . . Kom ons kyk, ons begin omtrent die 11de vers van die 13de hoofstuk van die Openbaring.

En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom; . . . hy het twee horings gehad net soos die lam, en het gepraat soos 'n draak.

En hy het *al die mag van die eerste dier* uitgeoefen *voor sy oë, en hy* het gemaak *dat die aarde en dié wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.*

Hy doen ook groot tekens, sodat . . . selfs *vuur uit die hemel laat neerdaal op . . . die aarde voor die oë van die mense,*

En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen; deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir *die dier, wat* die *swaardwond ontvang, en lewendig geword het.*

En dit is hom gegee om 'n gees aan *die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat, en maak . . . almal gedood word . . . die dier se beeld nie aanbid nie.*

En hy maak *dat aan almal, klein . . . groot, rykes . . . armes, vrymense . . .* gevangenes, *'n merk, op hulle regterhand,* en *op hulle* voorhoof *gegee word:*

En . . . *niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk van die dier, of die naam van die dier, of die getal van sy naam het.*

Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, *laat hom die* getalle *van die dier bereken: want* dit is *die getal van 'n mens; . . . sy getal is Seshonderd ses-en-sestig.*

In die 14de hoofstuk, lees ons hierdie.

En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg, *met 'n ewige evangelie om te verkondig* aan *die bewoners van die aarde, en alle nasies, . . . stamme, . . . tale, en volke,*

En hy het met 'n groot stem gesê, Vrees God, en gee Hom heerlikheid; want die uur van sy oordeel het gekom: en aanbid Hom wat die hemele, *en die aarde, en die see, en die* water*fonteine gemaak het.*

En 'n ander engel het hom *gevolg, en gesê,* Geval, geval *het Babilon, die groot stad, omdat* dit *al die nasies* laat

drink het van *die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.*

En 'n derde engel het hulle gevolg, en met 'n groot stem gesê, As iemand die dier, of *sy beeld aanbid,* of sy *merk op* hulle *voorhoof, of . . . hand ontvang,*

Sal hy self ook drink van die . . .van die grimmigheid van God, wat ongemeng ingeskink is in die beker van . . .toorn; en . . .sal gepyning word met vuur en swawel voor die heilige engele, en voor die Lam:

15 Nou, hierdie groot onderwerp wat ons benader, het beslis 'n groot twispunt veroorsaak, en bietjie voor- en teenstand, oor die—oor die onderwerp. En ek, self, glo dat dit so 'n groot, kardinale gedeelte is van die Skrif. Dat al die Skrif onderrig moet word, alles Daarvan. Ons behoort nie enige Daarvan uit te laat nie. En God het deur die Skrifte gepraat, van die merk van die dier, en hoe dit sou verskyn in die laaste dae. En as 'n prediker van die Evangelie, wat glo dat ons in die laaste dag lewe, glo ek dat dit 'n tydige Boodskap is, wat eerbiedig benader behoort te word in hierdie dag.

16 Nou, daar was baie gedagtes geprojekteer na die mense, oor hierdie kardinale, God-gestuurde Boodskap, waarskuwing aan die Kerk. Daar is baie dinge wat geleer is en aan die mense gegee is, wát hierdie merk van die dier was. En, natuurlik, soos alle ander Skrif, laat dit kultusse ontstaan. En, maar, sekerlik, as daar so-iets gereed maak om met die mense van die aarde te gebeur, moet daar een of ander Evangelie, verstandige, antwoord op die vraag wees.

17 As God dit so geplaas het, dat hulle wat hierdie sou ontvang, so gepynig sou word in die Teenwoordigheid van die Lam, en van die Engel, en vuur en swawel, en 'n Ewige, ewigdurende oordeel sou wees aan hulle wat hierdie groot merk ontvang het, moet ons een of ander begrip hê van wat dit is. En, dan, moet dit nie benader word met een of ander verstandsteologie nie. Dit moet benader word met die Skrif. Skrif moet Skrif beantwoord.

18 Ons besef dat, om die Bybel te lees, jy Dit nie lees soos jy 'n koerant sou lees nie. Want, dit was die wysheid van die Heilige Gees om baie dinge weg te steek van die oë van die wyses en verstandiges. En dit sou openbaar aan kindertjies wat wou leer. God het iemand nodig wat honger is, sodat Hy hulle net eenkant toe kan vat en hulle laat sit, sê: "Hier is dit, My kind. Hierdie is reg. Die wêreld verstaan dit nie, maar jy sal verstaan. Sien? Sien? Laat dit so wees."

Dan alle Skrif, gegee deur inspirasie, dan moet Dit verklaar word deur inspirasie. En dan moet Skrif ooreenstem met Skrif.

19 En ek het gedink, miskien, dalk, vandag, met die besef dat deur die genade van God, en die bediening wat Hy vir my gegee het om aan die mense te bring, hoe mense vashou aan die woorde

en hulle aankleef, Dit altyd net so eerbiediglik, onselfsugtig as ek weet, probeer benader. Want, en deur die Skrif, en as dit nie ooreenstem met die Skrif nie, dan los ek dit net uit.

20 Nou, hierdie was baiekeer gesê, wat dit hier geprojekteer is, 'n paar jaar gelede. Ek onthou, as 'n jong prediker, dat mense die klein "N.R.A." in hulle venster sou sit, gesê het: "Dit was die merk van die dier." Dit is baiekeer geprojekteer, dat, die Vatikaanhiërargie, pous van Rome. En baiekeer, na verskillende karakters wat opgestaan het, soos Adolf Hitler, Mussolini, en baie van daardie, wat "die dier" was, ensovoorts.

21 Nou, as 'n ongeleerde persoon, probeer ek die Skrifte van die Ou Testament as 'n tipe gebruik, of 'n skadu van die Nuwe. God gee altyd eers 'n voorafskaduwing van alles voor dit gebeur het, alle tydperke, nooit (sonder) enige uitsondering, alle tydperke.

22 Nou, ek het gedink, vanmôre, dat dit 'n goeie tyd sou wees om terug te gaan en die merk van die dier in sy amateur te kry, of, en in sy primitiewe, waar dit begin het. En dit is waar dat daar 'n sekere persoon moet wees, 'n man, waarin dit moet opeindig, in die laaste dag. Maar dit is vooraf geskadu, destyds aan die begin, en ook vooraf geskadu af deur jou lewe, en vooraf geskadu deur elke kerktydperk. En kom dan by 'n positiewe plek, in 'n man, in die laaste dag.

23 Nou, om hierop in te gaan, wat ek sou sê weke van Bybelonderrigting sou verg. Maar, siende, vandag, dat ons net 'n kort, beperkte tyd het, sal ons dit in sy amateur neem, of, nie . . . Ek bedoel dit nie so nie. Ek bedoel, in sy primitiewe, die oorsprong daarvan, en dit bring, wat die begin van die merk van die dier is. Hoe ontvang jy dit?

24 Ek's seker daar is niemand van ons wat dit ooit wil hê nie. Want, hulle wat dit dra, sal beslis nooit in die Teenwoordigheid van God staan nie. En dit moet in die laaste dag wees, wanneer dit gemanifesteer moet word, en ons behoort een of ander rede te ken. Of, wat is dit?

Nou, gisteraand, in die kelder . . . aan die studeer en deur die Skrifte gaan, op soek, soos ek het, week op week, oor hierdie onderwerp.

25 Nou, partymaal, deur met 'n gemengde gehoor te praat soos wat ons vandag het, beide mans en vroue, partymaal, gelykenissse gebruik om die punt oor te bring, lyk dit blykbaar dat ek miskien iets sal sê wat net nie betaamlik onder 'n gemengde groep mense sou wees nie. Maar, as julle in 'n dokter se kantoor gesit het, sou hulle. Jy sou na hom luister, maak nie saak, of jy 'n tienermeisie of -seun was, of wat dit ook al was nie. En ons is in die huis van God, waar ons skoon gedagtes, en skoon harte moet hê. En as ons nie het nie, is dit ons plek by die altaar. Dis reg.

26 So in hierdie woorde, en ek bedoel nie om op enige tyd, enigiets te gebruik, om mense uit te skel nie. As ek dit doen, dan hoort ek by die altaar. Maar dis om die Evangelie Waarheid te bring, om Hierdie te ken. Dat, as jy sal nalaat om die Waarheid te vertel, sal God dit van die pastoor se hand vereis. Dan, as dit van die pastoor af is, op die gemeente, dan sal die gemeente vir hulleself antwoord gee.

27 Nou, al die Oues, die tipes, die skaduwees, Christus in die skaduwee van die Lam. God wat, aan die begin, alles geweet het, niks is ooit voorspel, of in die Skrif geplaas, wat God dit nie alreeds gespreek het voor die grondlegging van die wêreld nie. Die hele plan van God was uitgelê. Glo julle dit? Johannes, die 1ste hoofstuk, omtrent die 7de vers, sê Dit: "In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God."

28 Dan, wat hierdie Bybel toe was, is God, voor die grondlegging van die wêreld. Die enigste rede waarom Dit Hierin geskryf is, is profete wat, van God af, voorkennis ontvang het van Sy voorbestemde plan van die eeue.

'n Prokureur bestudeer die boeke, om al die kennis uit te vind wat hy weet hoe om uit te vind, sodat hy dit vir sy—sy kliënt kan gee.

O, dis hoe die profete is, die leraars is. Hulle bestudeer die Woord.

29 Eers, gaan die profeet na God, en die Woord kom af, en hy het Dit, in die Bybel geskryf. En, nou, dit was God se verordineerde plan wat die profeet gesien het. En hy het Dit in die Woord geskryf, sodat die mense wat sou volg, gewaarsku sou word van situasies en dinge wat sou kom. Sien? Nou, deur inspirasie is daardie Woord gespreek deur God; deur inspirasie het die profeet Dit gebring; en deur inspirasie moet ons Dit ontvang. Dis nie 'n materiële nie. Dis nie 'n natuurlike ding nie. Dis nie 'n . . .

30 Die vleeslike verstand. Luister. Die man in sy vleeslike toestand, kan Dit nooit verstaan nie. Geen manier hoegenaamd nie. Dis onmoontlik. "Want die geestelike dinge, is vir die natuurlike verstand, dwaas," sê die Skrif. En andersom. Nou ons moet geestelik-gesind wees.

31 Nou om hierdie te benader, kom ons kry iets uit die Ou Testament wat selfs die pasgebore baba, die kinders in Christus, in staat mag wees om Dit te begryp, om te verstaan, soos ons dit deur gelykenisse wys, hoe dit gebeur het.

32 Soos ek nou sê, onthou, al die dinge van die Ou Testament was 'n skaduwee van die dinge wat sou kom. Hebreërs 11:1. "Die wet wat 'n skaduwee van goeie dinge was." 'n Skaduwee! Hebreërs 10, liewer, 1: "Die wet wat 'n skaduwee was van goeie dinge wat sou kom." Daarom, het hulle 'n lam in die Ou Testament geoffer, as 'n skaduwee van God wat die Lam van God gegee het. Al die dinge wat 'n skaduwee was.

33 Dan, as hierdie groot, kardinale voorspelling hier van die Skrif, sal God ons sekerlik 'n voorafskaduwing daarvan gee, hoe dit gedoen is. Nou, ek dink dis so pragtig getipeer in die Skrif, en gegee deur inspirasie. En ons kan teruggaan in die—die Eksódus. En ons kan teruggaan in Levitikus, die 21ste, die jubileumjaar kry. En oorgaan in Eksódus, dink ek, omtrent die 6de hoofstuk, ensovoorts, en baie plekke, hierdie optel.

34 Maar, nou, hoe word ons gered? "Deur geloof word julle gered, en dit deur genade." Niks wat jy kan doen nie, nie een ding wat jy kan doen, om gered te word nie. As jy kan, dan is Christus se dood tevergeefs. Dis nie wat jy eet, wat jy drink, hoe jy aantrek, *dit, dat*, of die *ander* nie. Maar: "Jy word gered uit genade, deur geloof." God, deur Sy soewereine genade, het verordineer, jou woord, jou lewe, in onstaan gespreek voor die wêreld ooit gevorm is; en deur Sy oneindige verstand, geweet wat jy op die ou end sou wees.

35 Toe, het genade Hom verplig, het liefde Hom verplig, om soewereine genade te projekteer na die aarde, om 'n voorsiening te maak om jou te red. As Hy gesien het jy wou gered word, dan het God, deur Sy liefde, Sy groot eienskappe, Hom nie toegelaat om enigiets anders te doen nie. As God liefde is, en 'n groep mense gesien het voor Hom wat verlore sou gaan, hang dit van liefde af om die plek in te neem, om 'n ontsnappingsweg te maak. Hy moet dit doen. Dit sou teen Sy natuur wees om dit nie te doen nie, so Hy maak 'n weg.

36 En dan, soos Hy 'n weg gemaak het, het Hy ook baie mylpale daar gestel, rooi ligte, ensovoorts, soos ons deur die lewe gaan. Wel, selfs die wet van die land, voorsien stoptekens, rooi lig, ry-lig, om ons sterflike lewens te probeer red. En dis net 'n gevoel van die mensdom, vir mekaar. Hoeveel te meer het die God van die Hemel waarskuwingssinjale, tekens voorsien, om ons van daardie dinge te beskerm! En, vandag, benader ons die onderwerp van een van die kardinale tekens, groot versperrings neergesit.

37 Nou: "'n merk." Die Bybel sê dat die merk van die dier geken sou word op die hand of die voorhoof.

38 Ek het gehoor dat dit voorspel is op baie verskillende maniere, dat hulle 'n teken in jou hand sou tatoeëer, 'n teken op jou voorhoof. Nou, ek glo nie dat dit korrek is volgens die Skrif nie.

39 En daar gaan 'n groep mense wees wat gemerk sou word vir bestemming na die hel, en daar gaan mense gemerk word vir hulle Ewige bestemming na die Hemel. En hierdie twee merke loop hand-aan-hand. En dit gaan so groot wees, luister, so gedwonge, dat net voor die Koms van die Here, dat jy een merk of die ander sal moet hê, of daar sal 'n boikot wees; jy kan nie koop of verkoop nie.

40 Let op. Nou, hoe begin dit? Nou, hierdie twee groot dinge het gewerk in die kerke vir jare.

41 Nou kyk. Judas was die antichris. Ons weet dit. Hy was die een. Hy was nie skynbaar teen Christus nie. Skynbaar, was hy vir Christus. En die Bybel het gesê, dat: "In die laaste dae, daardie twee geeste so naby aan mekaar sou wees, dat dit die einste uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was."

42 En soos die Gees van God, van die begin af, uiteindelik afgewerk het, deur Moses. . . Glo julle Christus was in Moses? Sekerlik.

43 Was Christus in Josef? Wel, hy het Christus net volmaak geprojekteer—geprojekteer. Gebore, geliefd deur die vader; gehaat deur sy broers. Verkoop vir omtrent dertig silwerstukke. In 'n sloot gegooi, veronderstel om dood te wees; uitgehaal, aan die regterhand van Farao gesit, die grootste volk in die wêreld. Toe hy uitgegaan het, het hulle die knie gebuig: "Josef kom aan." Perfekte tipe van Christus. Hoe sy broers bekend gemaak is aan hom, hoe hulle gehuil en gesê het: "Hierdie is ons sonde." En hoe dit uitgebeeld was, letter-vir-letter, van Christus.

44 Kyk na Dawid; die Seun van Dawid. Christus was die Seun van Dawid. Christus in Dawid, gehaat, verag, verwerp deur sy eie mense, onttroon; bo-oor die berg gegaan, teruggekyk, gehuil, omdat sy eie, selfs geliefde kinders, hom weggewys het en hom onttroon het. En hy het oor Jerusalem geween soos hy opgegaan het. Volmaakte tipe van Christus, die Seun van Dawid, wat op die Olyfberg gesit het, verwerp deur Sy Eie geliefde. En daarbo gesit, geween oor Jerusalem, gesê: "Hoe dikwels wou Ek julle versamel het, soos 'n hen met haar kuikens, maar julle wou nie."

45 Nou, wat was dit? Die Gees van God, wat deur die profete gewerk het, totdat Dit tot volle manifestasie gekom het in Christus Jesus, en Hy was God, gemanifesteer in vlees.

46 En die gees van die antichris het afgekom deur die godsdienstige leraars; af deur Kain, Nimrod, en verder af deur elkeen, totdat ditself uiteindelik gemanifesteer het in 'n karakter genaamd Judas Iskáriot. En net omtrent die tyd wat Christus gemanifesteer is, het Judas op die toneel gekom. En net omtrent die tyd wat Christus die aarde verlaat het, deur aan 'n boom te hang, het Judas die aarde verlaat, deur aan 'n boom te hang.

47 En net omtrent die tyd wat die Heilige Gees gekom het op die Dag van Pinkster, na die Kerk, het die antichris se gees Dit gevolg. Johannes. . . Of, Een Johannes 1 sê: "Geliefdes. . . " Een Johannes 1:4: "Moenie elke gees glo nie, want daardie gees van die antichris wat moes kom, is alreeds in die wêreld, besig om in die kinders van ongehoorsaamheid te werk." Nou, soos hulle opnuut begin het, het hulle gekom en gemanifesteer in 1 nC. Aan die begin, het hulle op dieselfde tyd uitgegaan. En albei geeste werk deur die kerk, wat 'n—'n kerk aan albei kante uitroep. En

albei van hulle . . . O, moet dit nie mis nie. Albei van hulle is godsdienstig. Albei van hulle is baie godsdienstig.

48 Kom ons gaan terug, baie ver terug eers. Kain en Abel, Judas en Jesus, albei van hulle godsdienstig, albei van hulle wat aanbid. Begryp julle dit? Soos Judas Christus doodgemaak het, of . . . Soos Kain Abel doodgemaak het by die altaar, het Judas Christus verraai en—en oorgelewer, en Hy is by die altaar doodgemaak.

49 En hier kom die twee geeste, wat aanbeweeg. En hulle is godsdienstig, albei van hulle. O, ek hoop julle begryp dit. "Daar is 'n weg wat reg lyk." God gee my genade om altyd Daarby te bly! Soos reg deur die eeu, hier by die tabernakel, ongeag van wat mense gedink het, het ek reg op die Skrif probeer bly. Ek is lief vir mense, maar partymaal moet jy hulle 'n bietjie seermaak, want die kerk is die huis van teregwysing. Die oordeelsbank van God is by Sy kerk.

50 Let op, godsdienstig. Jesus het vir die Fariseërs gesê, die godsdienstige leiers van daardie dag: "Julle is van julle vader, die duiwel. As julle My geken het, sou julle My dag ook geken het."

51 Nou, om terug te kom na ons tipe. Nou, daar is 'n pragtige tipe gegee, waarmee ek—ek graag wil begin vandag, van "die merk van die dier." Nou, in die Ou Testament, het die Bybel gesê dat daar 'n vyftig jaar jubileum moes wees, wat sewe maal sewe jaar was. En in die nege-en-veertigste jaar, wat dit gereed gemaak moes word, en die vyftigste jaar was die jubileumjaar. *Vyftig* beteken "jubileum." Dit was. Vyftig is God se jubileumgetal. Die woord *Pinkster* beteken "vyftig." Dit was die uitstorting van die Heilige Gees, aan die einde van die vyftig dae. Dit was ook die einde van die vyftigste jaar.

52 Jesus het gekom om vooraf te skadu . . . of, vooraf te waarsku, liewer, die mense, van die komende jaar van jubileum. Hy het in die sinagoge ingegaan in Kapérnaüm, en gaan sit, en die Skrif geneem en geblaai na Jesaja 61:1, en hierdie Skrif gelees.

> *Die Gees van die Here is op my, omdat* hy *my gesalf* het . . .
>
> *Om die aangename jaar van die Here aan te kondig.*
>
> . . . om *die gevangenes* vry te stel, . . . en *aan die blindes herstel van gesig* te gee, . . .

En toe Hy klaar gelees het, het Hy gaan sit en die Skrif teruggegee vir die priester.

> *En hy* het gesê . . . *Vandag* is hierdie skrif *in* julle *ore* en oë *vervul*.

53 Sien julle dit? Want Hy het die waarskuwing gegee van die koms van die groot uitstorting van Pinkster, om almal vry te maak wat slawe van sonde en in gevangenskap was.

54 Nou, met die koms van hierdie jubileumjaar, moes dit deur al die lande aangekondig word. 'n Basuin moes blaas, en hierdie basuin sou die aankondiging maak. Of, die basuin was die vyftigjaar klank wat sou . . . Elke slaaf wat gekoop was, of verarm het, arm en nie vir sy eie kon sorg nie, hy het onder die las geswig. En sy meester, vir sy skuld, het hom gekoop, en het hom in die veld geplaas as 'n slaaf. En hy moes hom dien, want hy was te arm om homself los te koop.

55 Maar God het gesê: "Onthou, julle was eenmaal self slawe, en onder in Egipte. En ek het julle vrygestel. Daarom, wanneer die basuin blaas, elke slaaf, maak nie saak hoe lank, of hoe kort hy in was nie, hy is vry om terug te gaan na sy familie toe, om terug te gaan na sy mense toe, en vry te wees van elke skuld, want dis 'n tyd van jubileum. Jy was nie eers veronderstel om enige koring te plant nie. En wat die veld ook al geproduseer het, daarvan moes jy lewe. Jy moenie jou wingerd snoei, of enigiets nie. Die armes van die land moes daarvan eet. 'n Baie mooi tipe van die Millennium.

56 Let op. Elke slaaf, toe hy daardie basuin hoor blaas het, kon hy sy skoffelpik, of waarmee hy ook al gewerk het, neergooi, en sê: "Ek is 'n vry man. Ek kon nie myself vrykoop nie. Maar God het, deur Sy genade,'n jaar van jubileum aangekondig. Daarom, glo ek God, en ek hoef nie meer te werk nie." En die landswette het hom vry verklaar. Wat 'n pragtige tipe van vandag!

57 Ons, arme, vreemdelinge, niks wat ons kon doen nie. As ons elke sabbat onderhou het, elke nuwe maan, ophou vleis eet het, as ons allerhande dae onderhou het en allerhande soorte godsdienstige offers gebring het, is ons onder 'n las. Ons is verkoop in sonde. Ons ouer het ons uitverkoop, aan sonde, in die tuin van Eden. En ons dra swaar aan die las van sonde, as 'n slaaf aan die duiwel. "Ons is gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, en kom oneerlik in die wêreld." Daar is niks wat ons kan doen om ons te help nie, want ons hele samestelling, ons hele natuur, en alles wat ons is, is sonde.

58 Maar wanneer die jubileumtyd kom, dat ons vry is! En die Basuin is die Evangelie, die goeie nuus. Die basuin was die Evangelie toe, goeie nuus. Jy's nie meer gebind nie. Jy hoef nie langer in sonde te lewe nie. Jy kan huis toe gaan en vry wees. Jy skuld niks meer nie. Die hele bevrydingsverklaring is klaar geteken, en jy is vry.

59 En, vandag, wanneer 'n mens die goeie nuus hoor: "Christus het in jou plek gesterf; niks wat jy daaraan kan doen nie. Christus het die prys betaal," weerklink die Evangelie.

60 Jy kan elke sigaret laat val, elke pruimtabak, elke whisky bottel, elke—elke ding wat jou bind, en sê: "Ek is vry. Hierdie is die goeie nuus, Christus het my vrygemaak." Julle is vry mense. Jy hoef nie meer te gaan nie. Jy hoef nie meer die duiwel te dien

nie. Jy kan vry wees as jy vry wil wees. Nou, jy hoef nie te drink nie. Jy hoef nie rond te loop nie. Jy hoef nie jou vrou te mishandel nie. Jy hoef nie te vloek nie. Jy hoef nie te lieg nie. Jy hoef nie te steel nie. Jy hoef nie moeg te wees nie. Wel, jy het die bronne, daarbo, wat nog nooit ontgin is nie, van die oorvloedige seëninge van God, waarvan die wêreld niks weet nie.

Jy sê: "Ek moet 'n bietjie plesier hê."

61 Wel, broer, as jy ooit die goeie nuus van die basuin gehoor het, lyk die wêreld se plesiere so klein, hulle is 'n klinkende metaal en 'n luidende simbaal. Jy het dit nie meer nodig nie. Soveel groter is hierdie nuus, as die ou grense van slawerny, die ou merke van sonde, wat leep-oog ellendelinge van julle gemaak het, deur sigarette te rook; alkoholiste op die straat met bewerasies. Julle hoef nie daardie pad te volg nie. Die Evangeliebasuin blaas: "Wie ook al wil, laat hom kom en drink uit die fontein van die waters van die Lewe."

62 Maar om dit te verwerp, as 'n man gesê het: "Ek wil bly soos ek is. Ek wil nie gaan nie. Ek wil nét hier bly." Daardie man is na die tempel toe gevat, saam met sy slawemeester. Hy moet sy oor teen 'n paal sit, en 'n els is deur sy oor geboor, en dit was 'n teken dat hy nooit vry kon gaan nie. Hy moes sy meester dien, solank as wat hy gelewe het, omdat hy die nuus van die goeie nuus verwerp het.

63 As dit nie 'n perfekte tipe is van die merk van die dier nie! Die goeie nuus is die Evangelie, Om te weier om die Evangelie te hoor, word jou ore verseël, dat jy Dit altyd: "Fanatisme, en daar's niks Daaraan nie," sal noem. En jy sal sonde in vorms van godsaligheid dien, solank as wat jy lewe. Maak nie saak hoe godsdienstig jy is nie, jy's uitgeseël uit die Teenwoordigheid van God uit.

64 Luister. Wat was dit? Omtrent vyftig jaar gelede, op Azusastraat in Kalifornië, het 'n groep mense God aanbid. Metodisme het so formeel en onverskillig geraak, totdat hulle niks wou hê van wat hulle fanatisme genoem het nie; geen geskree, geen amen, geen niks in die kerk nie. Hulle het gedink dat geleerdheid, en hervorming, die mense sou hervorm tot 'n punt, waar hulle nie meer hierdie goed nodig gehad het nie.

65 Laat ek jou sê, my vriend. Geleerdheid, so goed soos wat dit kan wees, hervorming, so goed soos wat dit kan wees, sal nooit die plek inneem van die doop van die Heilige Gees nie. Dis God se Ewige plan, om Sy Kerk weg te Seël. En hulle het uitgegaan op straathoeke. Hulle het op spoorlyne geloop en 'n mieliepit op 'n slag opgetel, en dit op 'n bord platgedruk, en mieliekoekies gemaak om hulle babas te voed. Hulle het die Evangelie oor die land gepreek. Hulle is in die tronk gegooi. Hulle is bespot. Hulle is verwerp, "Holy-rollers! Pinksterfanatici!" genoem.

66 En die wêreld, Amerika, het Dit verwerp. En toe sy het, was haar ore geseël vir die Evangelie, van toe af. Wat het hulle gedoen? Hulle het geweier om te drink uit die fonteine van lewende Water. Wat maak al hierdie dinge in die wêreld vandag? Wat laat hierdie dames kortbroekies dra? Wat laat hulle daardie bloese dra waardeur jy hulle klere kan sien? Wat is dit? Dis honger kinders. Dis reg. Dors!

"Salig is julle as julle honger en dors na geregtigheid."

67 Jesus het gesê: "Julle wou nie na My toe kom nie." Luister. Die rede waarom hulle dit doen, is omdat hulle die fonteine van lewende Water verwerp het, en gedrink het uit 'n Hollywood, gebarste reënwaterbak. Presies. Hulle het dit ontvang deur ou vulgêre televisies, ensovoorts soos daardie. En die einste plan wat hulle gedoen het, het hulle weer reguit teruggegaan na Eden, waar dit begin het.

68 Amerika het Christus geweier as hulle God, en vroue as hulle god ontvang. Wat het hulle gedoen? Hulle trek hulle klere uit. En trek . . . O, dis 'n skande vir enige ordentlike persoon om in die strate van enige stad te loop. Wat wys dit? Dit wys net presies wat in 'n vrou se hart is. Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Hulle het vroulikheid onteer. Hoekom? Omdat 'n vrou 'n godin geword het.

69 In die tuin van Eden, was daar twee bome. Een van hulle was die Boom van die Lewe, die ander was 'n boom van die dood. En die mens het die Boom van die Lewe geweier en die boom van die dood aanvaar.

70 En dit is wat die wêreld vandag gedoen het. Dit het—dit het die Boom van die Lewe geweier, wat Christus is, en 'n vrou hulle god gemaak. Sy is Amerikaanse godin.

71 Dit klink hard. Maar ek korrigeer die vroue, en ek wil julle vertel. In elk geval, 'n vrou . . . Laat ek julle hiermee brand. En, mans, julle kom volgende.

72 Kyk. 'n Vrou is nie eers so laag . . . Sy is nie eers 'n skepping in God nie. Sy's 'n newe-produk. Na God die hele skepping gemaak het, het Hy 'n stuk uit 'n man gehaal, en 'n vrou gemaak. Sy was nie eers oorweeg in die oorspronklike skepping nie. Korrek. Sy het 'n hulpmaat van die man geword, en daardeur is sy veronderstel om daarvoor te lewe.

73 Maar, vandag, het die mans omgedraai en haar 'n god gemaak, soos Eva was in die tuin van Eden. Adam het sy rug op God gedraai en saam met Eva gegaan. En Amerika en die res van die wêreld het hulle rug op God gedraai en saam met die vroue gegaan. Dit skroei, maar dis waar. Kyk rond.

74 Wel, julle mans, wat makeer julle? Enige man wat sy vrou sulke klere soos daardie sal laat dra, en sigarette rook, dit wys waarvan jy gemaak is. Mans, weet julle dat julle die seuns

van God is? Weet julle dit? God is nie. . . Jy vrees nie vir God nie; jy vrees jou vrou. Dis reg. Gebarste reënwaterbakke! Hollywood onsin!

75 Nou, dis nie net in Presbiteriane en Katolieke nie, dis in Pinkster en Heiligheid. Dis waar. Jare gelede, toe die basuin begin blaas het, het julle vroue lang hare gedra, julle het soos dames aangetrek, maar julle Pinkstervroue raak net so verrot soos die res van hulle. Dis reg. Sny julle hare af! En die Bybel het gesê: "Enige vrou wat haar hare sny, haar man het 'n reg om van haar te skei en haar te verlaat." Een Korinthiërs, die 11de hoofstuk, kyk of dit nie reg is nie. Sy onteer selfs haar man.

76 Waarom wil julle sulke klere dra? Nou, ek praat met julle vroue, want ek sien julle laat julle kinders op die straat so optree, en julle doen dit self. Hoekom op aarde wil jy sulke klere dra? Dis. . . Ek gee nie om hoeveel godsdienstigheid jy blykbaar het nie. Dit wys, in jou hart, wat uitkom. Dit wys presies waarvan jy gemaak is. Hoekom? Jy het jou oor toegemaak vir die ware Evangelie van bevryding. Dis reg. Jy is gemerk deur die antichris, maak soos hy, die vrugte van jou lewe bewys wat jy is. En julle mans, omdat jy haar dit laat doen, wys dit wie jou god is, en wys wat jy gedoen het. Dis Evangelie. Dis die Woord. Wie het nóú die merk van die dier? "So naby dat dit die einste uitverkorenes sal mislei, as dit moontlik was." Kan julle nie sien, vriende, dat appelbome appels dra, peerbome pere dra nie? Hoekom op aarde wil 'n vrou, wat veronderstel is om 'n kind van God te wees, so aantrek?

Jy sê: "Wel, hulle maak nie bloese en klere nie." O? O, hulle maak nie? Jy het 'n naaimasjien. Jy het beslis.

77 Dis omdat jy, onder in jou hart, dit probeer bedek met 'n godsdienstige laag, jy het na die duiwel geluister. Dis reg. En miskien is jou pastoor skuldig om jou nie die waarheid te vertel nie. Dis reg.

78 "Julle is 'n vreemde volk, 'n afgesonderde volk, 'n heilige volk, 'n koninklike priesterdom," heeltemal anders as die wêreld. Julle tree nie soos hulle op, trek soos hulle aan, praat soos hulle nie. Julle is uitgeroep, afgesonder! Dis reg. Sien julle nou wat ek bedoel?

79 As jy weier, jy nou sal weggaan en sê: "Daardie prediker gaan net af." Gaan ek? Dis die Skrif, dan is dit die Skrif wat afgaan. Dan, as jy jou oor so geboor het, dat jy na die duiwel geluister het, en jy nie meer die Evangelie Waarheid kan hoor en in die Lig wandel nie, is dit die merk van die dier. Die Skrif-. . . Jy weier om die Waarheid te hoor, bevryding, dat Christus jou bevry het van daardie dinge.

80 En julle mans, jou arme, klein, ruggraatlose dingetjie, jy, wat 'n vrou sal toelaat, jou vrou, om rond te loop en sigaretrook deur haar neus te blaas, en kortbroek te dra, en so by jou te maak, en

jy's nie mans genoeg nie! Jy's 'n swak plaasvervanger, as 'n seun van God.

81 Ek sê nie myne sal dit nooit doen nie. As sy ooit toegee, die duiwel haar laat beetkry, sal sy dit doen, maar dis die dag wat sy nie meer Mev. Branham is nie. Dis reg.

82 Dis die Waarheid. Staan op! God sit nie wensbeentjies in mans nie. Hy sit ruggrate in mans, Evangeliebene, wat sal staan vir die Waarheid.

83 O, goeiste, in watter verskriklike tyd lewe ons! Kyk rond en sien sonde. Kyk daarna. O, ja, jy kan nie biduur toe gaan nie. "Dis net te warm. Dis net te koud. Wel, in elk geval, die prediker preek te lank." Maar jy kan jou kop in die ou duiwelse televisie hou, dag en nag. Jy sal kyk na 'n . . . Wel, die helfte van die kindertjies . . .

Wanneer, julle moeders hulle van Christus behoort te leer, nie op die Sondagskoolonderwyser staatmaak, vir vyftien minute, eenmaal 'n week nie.

84 Elke kind in die land kan vir jou sê wie David Crockett is, waar hy vandaan kom, en hoe oud hy was toe hy sy beer doodgemaak het, maar daar is nie een maal eenhonderd persent wat jou kan sê hoe Jesus Christus gekom het om sondaars te red nie. En as vier-en-twintig, in minder as vier-en-twintig maande, ja, minder as twaalf maande, het die hele volk geweet van David Crockett, waarom kan Christene nie aan die brand wees vir God, soos Hollywood is vir gemors, en hulle laat weet wie Jesus Christus is nie!

85 Hoekom? Hulle het hulle ore verseël. "Ek gaan kerk toe en ek is net so goed soos jy." Dis die gesindheid. Judas was dieselfde. Die Fariseërs was dieselfde. Is dit reg? Dit is waar. Gebarste reënwaterbakke!

Jy sê: "Wat van die pous en ding?"

86 Al daardie dinge val in lyn. Wanneer jy die Evangelie verwerp, word jou siel 'n oop graf vir die duiwel. En al hierdie dinge laat jou finaal beland, in die groot . . . En nie net is die Katolieke Vatikaan daar ingesluit nie, maar die Prostestantse kerk is ook. Openbaring, die 17de hoofstuk, het gesê dat die Katolieke kerk 'n "hoer" was, en die Protestantse kerke prostitute was.

87 Maar God se mense was 'n uitgeroepte, uit die hele ding uit. "Kom uit Babilon uit," het hierdie laaste, waarskuwende engel se Boodskap gesê. "Hê nie gemeenskap met haar sonde nie. Kom uit, sonder jouself af, en wees anders." Nie net uit 'n logiese standpunt nie, nie omdat jy dink dis reg om te doen nie, maar bid tot daardie ding in jou hart is.

88 Want, dis net wat met Pinkster gebeur het 'n paar jaar gelede, en die Nasaréners, en Pelgrim Heiligheid, en al die res van julle mense. Dis reg. Dis wat met julle gebeur het. Julle het gesê: "Wel,

die res van hulle, hulle—hulle almal. . . Die susters laat almal hulle hare uitgroei, en hulle is. . . Nou, jy weet, ek glo ek sal dit ook doen." O, jou skynheilige. Dis presies. Dis hoekom jy reguit omgedraai het en doen wat jy nou doen. Jy het dit nooit gehad, in die begin nie.

89 As Dit in jou hart was, sal al die duiwels in die hel Dit nooit daaruit haal nie. Hoe kan jy jou ooit enigiets anders as 'n mens maak, as jy as 'n mens gebore is? Hoe kan jy ooit enigiets behalwe 'n Christen wees, as jy 'n Christen gebore is?

90 Maar, om die Waarheid te verwerp, dan seël die duiwel die oor. Geloof kom deur wat? [Gemeente sê: "Gehoor."—Red.] En as jou oor verseël is, hoor jy Dit nie meer nie. "Ag, onsin! Ek glo nie in daardie goed nie. My pastoor, hy het dit nooit vir ons vertel nie. Hy—hy—hy het vier kollegegrade. Ek. . . Hy is beter as hierdie holy-rollers." Gaan aan, jou ore is verseël.

91 Hulle het hierdie selfde ding gesê van Petrus en Johannes, gesê: "Hulle was onkundige en ongeleerde manne." Maar hulle het krag gehad, halleluja, om 'n verlamde man te laat spring soos 'n takbok. Hulle het die oë van die blindes oopgemaak, hulle het die ore van die dowes geopen, omdat hulle die jubileumjaar gepreek het. Dank God, vir dieselfde Heilige Gees!

92 Dis net die eerste stap, om Christus te verwerp, die Boodskap te verwerp. Maak nie saak hoeveel jy probeer voorgee nie, dit doen niks aan jou nie. Dit neem jou net verder in die hel in. Jou lewe bewys wat jy is. Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Nie aan hulle kerk nie, nie aan hulle affiliasies nie, maar: "aan hulle vrugte." Daar het julle dit. Dis die begin van die merk van die dier.

93 Dan, die volgende ding wat jy weet, gaan jy buite na een of ander groot, mooi kerk toe, waar hulle 'n klomp teologie het. Dr. Ph.D. John Doe: "O, wel, jy sien, daardie kêrels is ongeleerd. Jy sien, hulle verstaan nie. Ons weet, in die kweekskool, hierdie dinge is 'n bietjie anders as daardie."

94 Ek's so bly dat daar steeds 'n lewende Christus is om te getuig van Sy Woord. En dan, sien hulle al die tekens en wonders, hulle kan dit nie wegsteek nie. Hulle kan Dit nie afkraak nie. God is net so, het Dit so werklik gemaak, dat hulle Dit net nie kan miskyk nie. Hulle probeer Dit beveg met alles wat hulle kan, maar hulle sal hulle breine vermorsel en dit nooit regkry nie.

95 Soos ek julle vertel het. Gestaan in die Vryheidsstandbeeld, eenkeer, klein voëltjies wat oral rondom die ding lê, rondom 'n groot lig daar. En ek het vir die een gesê: "Wat het hier gebeur?"

96 Hy het gesê: "Gisteraand, was daar 'n storm, en die voëltjies het reg in die lig vasgevlieg, om dit te probeer uitdoof." In plaas van om die lig te neem, en soos dit uitgestraal het, na veiligheid te volg; het hulle die lig probeer uitdoof, en hulle het hulle breine vermorsel.

En ek het gesê: "Prys die Here."

Gesê: "Wat makeer jou?"

97 Ek het gesê: "Ek het net gedink aan al hierdie ongelowige, lou-warm, grenslyn-predikers en gelowiges, wat die ware Evangelie Lig probeer uitdoof." Julle sal julle breine vermorsel.

98 En God se Evangelie sal skyn deur die Ewige eeue. Dit sal dit doen. Hoekom tree julle nie in die Lig in, en laat Dit jou na veiligheid bring nie? Dit sal jou reg in die kwasholte in die Rots inbring. Dis reg.

> Waar daar 'n fontein gevul is met Bloed,
> Getrek uit Immánuel's aar,
> Waar sondaars, gedompel onder die vloed,
> Elk' sondevlek verloor.

Daar het julle dit. Kyk na die tyd waarin ons lewe. Hier is ons. "Tekens en wonders."

99 Kyk na die kerk, wat kortbroek dra. Kyk na die vroue, gesnyde hare; wat manikuur dra, daardie goed, grimering. Hulle. . . Laat ek vir julle vertel. Ek's 'n sendeling; julle weet dit. Weet julle waar dit vandaan gekom het? Uit die dieptes van Afrika. Die heidene dra dit. Die Afrika heidene. En sodra daardie vroue bekeer is, haal hulle daardie goed af. Jy hoef hulle niks daarvan te vertel nie. Maar die geleerde heidene weet meer daarvan, julle sien; steeds 'n heiden. Die Bybel het gesê dit was. "Julle moenie lyk of optree soos die heidene nie." Die heiden is 'n dowe-oor, gemerkte, bestem vir die Ewige hel, om in die folteringsvure vir altyd en altyd te brand.

100 Die eerste engel Boodskap het uitgegaan, Martin Luther. Tweede engel Boodskap het uitgegaan, John Wesley. Die derde engel se Boodskap het uitgegaan, en hulle verwerp Dit steeds, en raak erger en erger. En die Bybel het gesê dat boosdoeners en sonde erger en erger sal raak.

101 "Maar hulle wat hulle God ken, in daardie dag, sal heldedade doen. En die spruit van die Here en die dogters van Sion, wat ontsnap het, sal tot sieraad in die aangesig van die Here wees, in daardie dag," het Jesaja geprofeteer. Waar is julle? Wat makeer, mense?

102 En, julle, ou ruggraatlose mannetjies! Ek het 'n man gesien, 'n sogenaamde wedergebore broer, nou die dag, wat agter onder 'n skaduboom sit, besig om 'n tydskrif te lees, en sy vrou met 'n kortbroek aan, wat die agterplaas sny; daarbuite waar mans verbykom, na haar kyk. Ek's nie die regter nie. Maar die Bybel het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."

103 Ek het in 'n plek ingeloop, nou die dag, afgekom, uit Yellowstone Nasionale Park uitgekom. Ek het in 'n plek ingegaan, en ek is koudbloedig. Ek kan strawwe koue verduur. Ek het buite gelê in vriespunt, en tot minus twintig; geslaap, tot

my wangbaarde so gevries was met ys dat ek hulle kon skuur, dat jy hulle kon hoor saag, teen my kampslaapsak; sou my nie pla nie. En dit was koud genoeg dat my vrou my 'n T-hemp en 'n baadjie moes gee. En hier was daardie arme, klein, nakende heidene wat daar rondgeloop het met klein kindertjies, met klein kort kleertjies aan. En hulle sigaret-suiger-man wat verbygeloop het, met 'n oorjas aan, en hulle met klein kortbroekies aan.

104 Broer, ek dink, in die naam van alle geregtigheid, dat ek 'n bopunt van een van daardie seders sou afpluk, en ek sou haar blou gemaak het. Sy sou iets gehad het om oor blou te wees. Ja, meneer. Sê dit nie vir 'n grap nie. Hierdie is nie 'n plek om grappe te maak nie. Ek sê dit omdat dit die Evangelie Waarheid is.

105 Ek het in 'n plek ingegaan. Hier het 'n vrou ingekom, met 'n klein kindjie, nie groter as *daardie* nie, aangetrek soos 'n skoenlappertjie, 'n klein bandjie oor haar en om haar. En die arme dingetjie was blou, deur so rond te hardloop. En hier het haar suster ingekom, omtrent agtien jaar oud, goed en netjies geboude vroutjie; elke ou oog wat na haar gekyk het. En, sy, senuweeagtige dingetjie, wat aan 'n sigaret suig.

106 En 'n volgende vrou wat ingekom het, wel, het gelyk na 'n ordentlike vrou. Sy het 'n dogter gehad, nie 'n klein dogtertjie nie, maar het 'n dogter van omtrent vyftien gehad. Sy het 'n kort, bonkige jassie aangehad, 'n lang rok. Die ma het 'n dik jas aangehad.

Ek het gesê: "Miskien is ek mal, maar hoe is dit dat daar so 'n groot verskil van een na die ander is?"

107 Dis omdat, broer, suster, die gees van die ding! Vroue, julle wil nie dit doen nie. Maar dis die duiwel in jou, wat jou dit laat doen. Jy is 'n slaaf daarvan. Julle drink uit die duiwel se stagnante reënwaterbak, omdat jy geweier het om te drink uit die fontein wat nooit opdroog nie. Jy het die Boom van die Lewe verwerp. "Jy volg die weg van Kain, en dit sal vergaan in die verset van Korag." Kom daaruit, terwyl jou oor oop is vir die Waarheid! Sonder jou af, word wedergebore. Dis hard, maar dis Waarheid.

Nou, broer: "Hoe kan ek ontsnap daarvan?" sê jy.

Die tyd is verby. Ons sal voortgaan van hier af, vir die seël van daardie oor.

108 Sien julle hoe dit hulle laat optree? Wanneer 'n persoon na die altaar toe kom, en sê: "Broer Branham, o, halleluja, ek het die Heilige Gees. Ek het *hierdie*." Hulle mag in tale praat. Hulle mag spring. Hulle mag skree. As hulle lewe nie verander nie, is daar iets . . . geen Lewe het *hier*binne gebeur nie. Dis dieselfde ou lewe. As jy die lewe uit 'n peerboom kon oordra, na 'n appelboom, sou dit pere dra net so seker as wat ek hier staan. Sy Lewe wys wat Dit is; fatsoenlikheid.

109 En God het wonderwerke gedoen. Ek kyk, wat daar sit, na Broer Coat's wat daar sit, net daar. En toe . . . Hy weet nie hierdie nie. Maar 'n *sekere-sekere* persoon het vir my vertel: "Daardie man het net 'n paar dae oor om te lewe, met 'n kanker." Daar sit hy daar, genees, vanmôre. Oral in die gebou, verskillende mense oor die nasie! Wat is dit? Dis God wat tekens en wonders doen.

110 Gaan in Afrika in, preek, duisende haal hulle grimering af, en trek hulle klere aan en dinge, en begin optree soos dames en here.

111 Maar, Amerika, o, nee. Julle het 'n televisie om na te kyk. Julle het die ou vulgêre programme, ongesensor, op die te- . . . radio. Radio en televisie is goed, as hulle die regte ding gehad het. Dit kan 'n manier wees om die Evangelie te versprei. Maar, julle sit, en julle vat julle kinders en steek hulle kop daarin. En voor jy jou kom kry, hier is hulle buite, klein neurote en al die res, wat optree, naboots. Wel, dis 'n skande. Dis julle reënwaterbak waaruit julle drink. Waarom sluit julle nie julle oë daarvoor nie, kyk op na Gólgota en sê: "O God, vul my dorre siel," nie?

112 Luister. Jy kan 'n lang tyd sonder kos klaarkom, maar jy kan nie klaarkom sonder om te drink nie. Tagtig persent van jou liggaam is gemaak van water. Die eerste ding waarop God ooit beweeg het, waarop die Gees van God ooit beweeg het, was die water. En jy kan nie sonder water klaarkom nie. En as jou siel honger na aanbidding; luister, meneer, Pinkster, en Pelgrim Heiligheid, en Presbiteriaan, Baptis, wie jy ook al is. Sien? As jy honger, en jy dors, les jou dors met Christus, en maak Christus jou God. Moenie omdraai en drink uit hierdie stagnante reënwaterbakke nie. Voor jy jou kom kry, jy mag so godsdienstig wees, maar jou ore is geseël vir die Waarheid. En onthou julle? "Hulle sal so naby wees, dat dit die einste uitverkorenes sal mislei . . . " En om die Evangelie te verwerp, is om geseël te wees met die merk van die dier. God merk jou.

En nou, wat beteken dit, dat dit in—in jou "voorhoof" was? Jou ore op jou hoof, ook. Wat is dit? Jou hoof is jou kennis.

113 "Geloof kom deur die gehoor," nie die gehoor van een of ander kerkreël nie, maar: "die Woord van God." [Leë kol op band—Red.] Dan, as jy Dit verwerp, wat gebeur? Jy word geseël; jy hoor Dit nie meer nie. "O, Dis onsin," en jy's gemerk. En dan sal die fontein, wat werklik in jou lewe is, net produseer wat jy regtig is. Sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."] Kom daaruit, mense. Julle mans, julle mans en vroue, skaam julle!

"Hoe kan ek daarvan ontsnap, Broer Branham?" Nou hier het julle dit. Net vir die volgende paar minute, laat ek julle vertel.

114 In Openbaring, die 7de hoofstuk, het die Engel uitgegaan om te vernietig, vier van Hulle, en sou die hele wêreld vernietig. God het gesê: "Net 'n oomblik. Hou vas die vier winde totdat ons die

diensknegte van ons God in hulle voorhoofde verseël het." En Hy het die Seël van die lewende God gedra.

115 Die Seël van die lewende God, is die doop van die Heilige Gees. Efésiërs 4:30 het gesê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waarmee julle verseël is tot die Dag van julle verlossing." Is dit reg? "Bedroef nie." Moenie probeer optree soos die wêreld nie. Moenie daardie . . . dra nie.

116 Ek het vertroulike inligting. Laat ek vir julle iets vertel. Ek sal hulle hiernatoe bring en hulle vir julle lees as julle wil hê ek moet. Ek het die vertroulike. Kaptein Al Farrar is een van my bekeerlinge, die hoof van die F.B.I., aan die jeugkant. Baie groot manne het ingekom. En hy het gesê: "Broer Branham, as daardie soort Evangelie gepreek sou word, sou ons sonder werk wees." Sekerlik, as die mense dit sou ontvang.

117 Maar hulle ore is alreeds gemerk deur party van hierdie slawe van denominasies, en hulle drink uit daardie ou Presbiteriaanse-, Lutherse-, Baptiste-, Pinkster-reënwaterbakke, dis al, en hulle ken God nie. Hulle is nie oop, in hulle harte nie. Hulle lewe bewys wat dit is; genoeg humeur om met 'n kragsaag te kompeteer, en vloek jou met die val van jou hoed, en sê vir jou om jou mond te hou.

118 Wel, nou die dag, het 'n mal vrou reg voor my ingery, amper twee van my kinders doodgemaak. Ek het gesê: "Dame?"

Sy het gesê: "Nou hou jy jou mond. Ek's die een wat bestuur."

119 En voor ek teruggekom het, het ses-en-twintig vrouebestuurders amper ons dood veroorsaak. Ons het telling gehou daarvan. Hulle het 'n fout gemaak toe hulle vir haar 'n bestuurderslisensie gegee het.

Hulle het haar daarbuite gesit om te stem. Hulle het haar hierbuite in hierdie openbare werke gesit.

120 En gedurende die tyd van die oorlog, reg in New York Stad, is meer buite-egtelike kinders gebore in die stad van New York, van prostituutvroue, en hulle mans wat oorsee was, as wat daar soldate dood is in die vier jaar van oorlog.

121 Wanneer 'n vrou uit die kombuis uitgaan, is sy uit haar plek uit; of sy die Evangelie preek, of wat sy ook al doen, sy is uit haar plek uit. "Mans is nie vir vroue gemaak nie, maar vroue is vir mans gemaak." Man is nie 'n newe-produk van 'n vrou nie, maar die vrou is 'n newe-produk van die man. Ek weet dit skroei, en, maar, dis 'n Evangeliepil wat jou geestelike spysverteringskanaal sal oopmaak en die Heilige Gees laat deurtrek en jou 'n ander persoon sal maak, as jy Dit sal glo. Amen. Wat die Bybel gesê het!

122 Kan jy nou hoor, of is jou oor alreeds verstop? Nou as jy hieraan twyfel, lees Een Korinthiërs die 11de hoofstuk, wanneer julle uitgaan, vind uit of dit so is of nie. Vind uit of dit nie waar is nie. Ander Skrifte, Jesaja 6, Jesaja 5, o, goeiste, regdeur die

Skrif; Kolossense, Galásiërs, Paulus wat praat, sê: "Gehoorsaam jy jou man." Net soos jy . . .

123 Maar jou man is so papbroekig, so 'n verwyfde verskoning van 'n Christen; hy's 'n skande vir die mensdom, wat nog van die Koninkryk van God, wat jou so-iets sal laat doen. Want, hy vrees jou meer as wat hy God vrees, jy sal hom uitskop. Hy gee nie om of God hom uitskop nie; hy kan na die Presbiteriane of die Metodiste toe gaan. Maar as jy hom uitskop: "O, goeiste, wat gaan gebeur?" Jou godin, en jou godin-liefhebber, hoekom kry jy nie 'n ruggraat in jou nie!

124 Ek weet nie hoekom ek so praat nie. Iets laat my Dit sê. Ek weet nie. Dis reg. Ek skel julle nie. Vroue, mans, ek waarsku julle net. SO SPREEK DIE HERE: "Kom reg met God."

"Hoe kan ek daarvan ontsnap, Broer Branham?"

125 Nooit deur by die kerk aan te sluit nie. Jy mag gedoop wees in die Naam van "Jesus," in die naam van "die Vader, Seun, Heilige Gees," drie keer vooroor, drie keer agteroor, onderstebo, enige manier wat jy wil wees. Jy mag besprinkel wees, uitgegiet, jou naam op 'n boek geplaas. Maar totdat jy wedergebore is uit die Gees van God, bly daardie lewe van die duiwel steeds in jou. Dis reg. Verstaan julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

126 Luister nou goed, voor afsluiting. "Hoe kan ek daarvan ontsnap, broer?" Nie man of vrou word aanvaar of geweier nie. Julle is almal een in die oë van God, wanneer dit hierby kom. Hoe doen jy dit?

127 Jou hart is 'n baarmoeder. Julle weet waarvan ek praat, vroue en mans. Jou hart is die baarmoeder. En die baarmoeder hou die Saad, en die Saad is die Evangelie. Nou, die Saad, alleen, in sy hart; maak nie saak onder hoeveel Gamaliëls jy sit nie, maak nie saak hoe groot jou pastoor is, en hoeveel jy die Bybel gelees het nie; Dit sal nooit Lewe kry tot die kiem van die Lewe Daarby uitgekom het nie.

128 'n Vrou se saad is 'n wonderlike ding. Dis die bou van die liggaam, maar dit het geen lewe nie. Dit kan nie. Dis onmoontlik. Dit het geen lewe, om mee te begin nie. So, maak nie saak hoeveel jy die Bybel ken, en hoe goed dit in jou hart is nie, jy's steeds 'n sondaar.

129 Nou wat gebeur? Die hart is die baarmoeder, en geloof kom deur 'n oop oor, wat nie verseël is deur teologie nie. Geloof kom deur die gehoor, om te hoor. Die Woord kom in die verstand in. Jy maak jou besluit Daaroor. "Is Dit reg? Kan Dit reg wees? Wel, die Bybel het so gesê. Ek glo Dit." Woosh! Daar gaan Dit af na die hart toe. Dan, is Dit 'n baarmoeder. Dan die Manlike geslag . . . Ons is die Bruid, die vrou. Die Saad gaan in die Kerk in.

130 Dan die Manlike geslag, wat die Bloedsel is, word die Bloed van Christus aangewend. En in die Bloed kom die kiem van die

Lewe wat in die Saad ingaan en 'n pasgebore baba voortbring, wat skree: "Abba, Vader! Abba, Vader! My God! My God, hoekom het ek ooit daardie dinge gedoen? My God! My God!" Daar het julle dit.

131 Die baarmoedertjie hier in jou hart, met die Saad, vanmôre, wat Daarin val, sal jy nie jou oë oopmaak nie, sal jy Dit nie laat val (nie van jou verstand af nie) onder in die baarmoeder van jou hart nie? Mans en vroue, beide, daar is geen manlike of vroulike van hierdie soort nie. Beide van julle het 'n hart. Laat Dit *hier* onderin val, en sê: "Wel, sekerlik, dis die Waarheid."

132 Kyk, die Bybel het gesê: "Moenie maak soos die heidene, die ongelowiges nie. Moet jou nie aan hulle verbind nie. Kom uit hulle uit. Moenie so wees nie." "As julle die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld," die modes. Die woord kom van die Griekse woord *kosmos*, wat "die modes van die wêreld" beteken. "As julle die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nog nie eers in julle nie." Jy is nooit gebore nie.

133 Laat dan die Man, Christus Jesus, ons Minnaar, met Sy Saad in jou hart, Hy kom na Sy Saad om Dit te laat lewe. "Die Woord, die letter, maak dood. Die Gees gee Lewe." Die letter, alleen, maak dood. Maar wanneer die Heilige Gees afkom deur die reinigende Bloed, in hierdie baarmoeder in, begin 'n kiem vorm.

134 Wat is dit deur 'n moeder? Die eiertjie lê daar, die saadjie, lê daar en wag vir die mannetjie. En sodra die manlike kiem kom, die manlike kiem jaag vinnig. En wat is dit? 'n Bloedsel. Dit maak ditself oop. (O God, kan julle hoor en verstaan wat ek bedoel, God?) Dan maak ditself oop, en hier rondom vorm 'n sakkie bloed. Aan die binnekant hiervan, laat hierdie eiertjie lewe. En, daarin, begin voortkom. Daarin, bring lewe.

Ons word verwek deur die Heilige Gees. Die Gees van God kom in ons harte in, bring 'n nuwe Persoon, Christus Jesus. Ou dinge sterf.

135 En as jy weier om Daarna te luister, en net bly: "Wel, my prediker het *dit, dat*, of die *ander*," gesê, en jy weier om Lewe te kry, raak jy steriel. Dan hy . . . Jy kom by 'n punt waar jy nie meer kinders kan hê nie. Jy is steriel. Jy's 'n skande. Jy kan nie kinders hê nie. En as jy die Gees van God te veel keer bedroef, word jy verseël, jy hoor Dit nie meer nie.

136 Eerste keer wat julle Dit gehoor het, o, goeiste, het julle julle hare laat uitgroei; het julle soos dames opgetree; het julle nie daardie goed gedra nie; het julle soos dames opgetree. Julle het soos mans opgetree; julle het julle huis in orde gehou. Julle het daardie dinge gedoen. Maar toe, meteens, het dit begin omdraai. Wat was dit? Julle het nooit die Lewe laat inkom en begin werk nie. Julle het, voortydig, gesterf. Dis reg.

137 Nou laat die Gees van God inkom, kom deur die gehoor van die Woord. Jy het Dit gehoor; dis die Bybel. As jy die merk

van die dier ontvang, is jy vir ewig verlore. As jy die Seël van God ontvang, is jy vir ewig verseël. En daar's die twee geeste wat werk.

Miskien Sondag, oor 'n week, of sodra ek kan terugkom, sal ons dit voltooi en daarop ingaan en sien wat hulle is.

Sal julle Dit ontvang, vanmôre, terwyl ons ons hoofde gebuig het vir 'n woord van gebed?

138 Ons suster sal na die klavier toe kom, op hierdie tyd, as sy sal, terwyl jy jou besluit neem. Vandag, sit daar mense hierbinne, wat nou julle. . . miskien julle laaste besluit neem. Jy sal óf wees, óf jy sal nie wees nie.

139 Het jy so ver gesondig, suster, broer; het julle so ver gesondig, en julle het daardie skeidslyn oorgesteek, tot julle dink Dit is dwaasheid, tot julle dink Dis nie die Woord van God nie? Het julle in daardie toestand beland?

140 Of, het julle nog 'n rinkelinkie daar, die deur is nog nie heeltemal toe nie? Jy sê: "Ja, broer, ek glo Dis die Waarheid. En, vanmôre, aanvaar ek Dit. En van vandag af, aan, bedoel ek, deur die genade van God, om my lewe te verander. Ek steek nou my hande op na Christus Jesus, en vra Hom om my genadig te wees en Sy Lewensvloed in my te laat inkom, en my 'n pasgebore baba te maak in die Koninkryk, sodat my lewe soos Syne kan wees." Sal julle dit doen soos julle julle hande opsteek na Christus? God seën jou, en jou, en jou, jou, en jou, en jou, en jou. Iemand anders, sal jy nou jou hande opsteek: "Ek aanvaar Christus. Ek glo Dit"? Hy hoor jou. Hy ken jou.

141 Kyk wat gaan aan in die wêreld. Ons is aan die einde. Jy het nie meer as 'n paar dae nie, vriend. Weet jy, wat hang daar oorkant in Rusland, met jou naam klaar daarop gemerk? Weet jy, oorkant in die hel, hang die etiket aan die deur, wat jou een van hierdie môres daar verwag?

142 Jy beter Iemand Wat soontoe kan gaan en dit vir jou kan afhaal, dit laat afhaal. Daar is net Een wat dit kan doen; dis die Seun van God. "Ek het die dood en die hel oorwin. Ek is Hy wat dood was, en vir ewig lewe." Alle ander grond is dryfsand.

143 Daar was omtrent ses of agt wat hulle hand opgesteek het. Is daar nog een, terwyl jy jou besluit maak? Steek net jou hand op na God, en sê: "Nou steek ek my hand op na Christus, om Sy dienskneg te wees van vandag af." God seën jou daar, jong dame. Iemand anders, terwyl ons 'n oomblik wag? "Ek sal my hand opsteek na Christus. Van vandag af, sal ek die wêreld uit my hart uitgooi. Ek sal weer my hart suiwer en skoon maak. Ek wil Christus ken."

"Om Hom te ken, is Lewe." Nie om die Bybel te ken, is Lewe nie; nie om teologie te ken, is Lewe nie. Maar: "Om Christus te ken, is Lewe."

144 Sal jy jou hand nog eenkeer opsteek? Is daar nog een, net voor afsluiting? Dis jou besluit. Al wat ek kan doen, is om die Woord te preek. Die Heilige Gees het Dit gebring. Wat wil jy Daaraan doen? Kan jy Dit aanvaar?

145 Of, is jou oor dig verseël? "O, wel, ek het Dit al gehoor. Ek sal . . . 'n Ander tyd." O God, wees jou genadig, my verlore broer. En sonder om te weet, voor jy by daardie deur uitgaan, dat jou hart kan gaan staan. Sonder om te weet of jy ooit weer in 'n Evangeliediens sal wees. En sou jy daar sit, my broer, suster, in daardie toestand, en nie gewillig om te sê: "Christus, wees my genadig. Ek was verkeerd. Vergewe U my. Ek wil vandag nuut begin," nie? Net omtrent ses of agt hande het opgegaan. Sou daar nog een wees voor ek afsluit, voor ek bid? Ek gaan saam met julle bid, dan gaan ons vir die siekes bid. Goed. Kom ons hou ons hoofde gebuig.

146 Dierbare God, ja, soos die digter geskryf het: "Daar is 'n fontein gevul met Bloed, getrek uit Immánuel's aar." Ons besef die Koninkryk van God is nie in wat ons eet of drink, of dra van klere nie. Ons besef dit, God, dat ons nie ophou *hier*mee, en ophou om *dit* en *dat* te dra, om ons anders te maak nie. Maar wanneer die Gees van Christus inkom, doen Dit dit Self. Nie wat ons doen nie, maar wat Hy doen. Wat Hy doen!

147 En God, ek weet dit was baie hard, was baie skerp. En ek weet die Evangelie is, het U gesê: "Skerper as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot op die been, en 'n Onderskeier van die gees."

148 En ek bid, Vader, dat diegene wat aangekla is, agt of tien mense hier in hierdie gebou, hulle hande opgesteek het, in die wete dat hulle verkeerd is. Hulle lewens stem nie ooreen met U Woord nie. En hulle het hulle hande opgesteek, om onthou te word in gebed. En ek bid tot U, Hemelse Vader, hierdie einste dag, dat U hulle harte sal reinig van al die dinge van die wêreld, dat U Gees in hulle lewe kan inkom, en hulle daar genade gee. En mag die pasgebore baba, Christus, 'n definitiewe bewys wees vir die hele wêreld, as 'n geskrewe brief wat deur almal gelees word.

149 Hoe, Vader, kan 'n vrou, wat sê sy's 'n Christen, aangetrek, om mans te ontmoet. Net een het dit gedoen, Vader, in U Woord, en dit was Isébel; U het haar vir die honde gevoer, en haar gegee, as 'n voorbeeld van watter verskriklike skepsel sy was.

150 En hoe ou Herodiassie gedans het met haar ontkleedans-kleertjies aan, voor haar peetpa! Wat 'n sosiale dans was dit! En deur die geskiedenis te ken, dat twee-en-sewentig van haar kinders haar gevolg het, deur die geslagte; gesterf het aan galge, en prostitute. Wat 'n voorbeeld! Dierbare Johannes, met sy kop wat op 'n skinkbord gelê het, getuig vandag aan die aarde, dat daar regverdigheid in God is.

151 Laat dit so wees, vandag, God, met elkeen hier wat buite Christus is; bring hulle tot 'n besef, Vader, dat hierdie Woorde nie vals is nie. Hulle is U Woorde. En dat die Bybel waar is, en die uur op hande is. Gee genade en barmhartigheid aan hulle wat soek. Ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

Laat ons nou eenmaal, stadig, *Daar Is 'n Fontein Gevul Met Bloed.*

152 Net na die genesingsdiens, wil ek hê elke persoon wat hulle hand opgesteek het, moet na die altaar toe kom, persoonlik, neerkniel en bid, jou hand opsteek. "Doen dit enigiets?" Ja, meneer. Doen beslis.

153 "Hy wat My Woorde hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige Lewe." Dit maak jou 'n nuwe skepsel. Nou, ek bedoel nie dit net verbeel nie. Ek bedoel dit doen. Dan sal jou vrugte dit bewys.

154 Dan, na jy dit gedoen het, dan: "Deur een Gees is ons in die Liggaam gedoop" van krag en diens. Hy het nooit gesê jy sal "nuwe Geboorte" ontvang na die Heilige Gees op jou kom nie. Gesê: "Jy sal krag ontvang na die Heilige Gees op jou gekom het," geheel en al iets anders. Nie nuwe Geboorte nie, maar nuwe krag. Jy word wedergebore, deur te glo; jy glo tot Ewige Lewe. Maar jy word gedoop met die Heilige Gees, tot krag, krag vir diens. Goed, almal saam.

Daar is . . . gevul met Bloed,
. . . uit Immánuel's aar,
En sondaars, gedompel onder die vloed,
Verloor elk' sondevlek.
Verloor elk' sondevlek,
Verloor elk' sonde . . . ;

155 Nou jy's een van hulle, vandag. Wat? Geen middeweg nie. Óf die merk van die dier, van die wêreld, afvallige kerk; óf, die Seël van God, heilig, die aanvaarbare . . . ? . . .

156 Nou, terwyl, net 'n oomblik. Onthou, vandag, dat elke persoon wat by hierdie deur uitgaan, óf met die merk van God uitgaan, óf die merk van die einde, die afvallige kerk.

"O," jy sê: "Broer Branham, ek gaan . . . " Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Die duiwel gaan kerk toe; hy's baie godsdienstig. Die Bybel het so gesê.

157 Is jy wedergebore? Stem jou lewe ooreen met Sy Woord? Stem jou aksies, stem jou lewe, stem jou kleredrag, stem jou optrede, stem jou gees, stem jou geloof, alles saam met die Woord van God? Dan wys dit die lewe wat in jou is, is lewende Christus.

158 Nou nog een keer, van saggies en teer nou.

Die sterwende dief (sy laaste uur) was bly om
te sien
Die fontein daar in sy dag;
Daar kan ek, tog sleg soos hy,
Al my skulde weg kom was.

Almal saam nou. En kom ons maak soort van ons oë toe en glip ons hande op na God, terwyl ons dit sing.

Die sterwende dief was bly om te sien
Die fontein daar in sy dag;
En daar kan ek, tog sleg soos hy,
Al my sonde weg kom was.
Al my sonde weg kom was,
Al my sonde weg kom was;
En daar kan ek, tog sleg soos hy,
Al my sonde weg kom was.

Doen dit nie iets aan julle, om te weet dat Christus elke sonde vergewe nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

159 'n Tyd gelede, Bombaai, Indië, vyfhonderdduisend wat daar gesit het. Toe hulle 'n blinde man daar sy sig sien kry het, 'n Boeddha . . . 'n Mohammedaan. Al hulle profete was verslaan. Hulle het daar gestaan, en ek het gesê: "Glo julle nou dat Hy lewe?" Sien die duisende hande wat opgaan.

160 Gesit, Durban, Suid-Afrika, waar dertigduisend op een slag Christus ontvang het, na 'n man wat so kreupel was, wat Hy hom genees het.

161 Hier nie lank gelede nie, in Winnipeg, China . . . of Winnipeg, Kanada; het 'n Chinese seuntjie, 'n klein Boeddha-aanbiddertjie, omtrent so hoog, 'n klein dwergie, opgekom. Hy was blind. Hy het Boeddha aanbid.

En ek het gesê: "As Christus jou sal genees, sal jy Hom dien?"

Hy het gesê: "Ek sal geen ander god dien as die Een wat my oë sal genees nie."

162 Terwyl ek daar gestaan het, het sy oë oopgegaan. Begin huil. Rondgekyk; hy het gesê: "O, ek kan sien." Die eerste ding wat hy gesê het, gesê: "Ek sien die kruis, waar my sondes verban is."

163 En ek dink, soos ek die lande deurkruis, en die verskillende volke sien, die groot tekens sien kom, wat Jesus gesê hier sou wees. Gesê: "Benoude tye; spanning onder die nasies."

164 "Waens sonder perde sou in die strate afgaan," en met hoofligte: "wat teen mekaar skuur." En daar sou al hierdie dinge wees wat die profete deur die eeue gesê het; hoe hulle deur die lug sou trek, soos voëls, en onder water, soos visse.

165 "Hoe die groot spanning onder die nasies sou wees," en al hierdie dinge sien. Hy het gesê: "In daardie dag, sou hulle die Gees van God oprig. Dit sou heldedade doen, tekens en wonders.

Dit sou die endtyd wees." Hy het gesê: "Daar sou Lig wees in die aand. Alle nasies sou kom."

God roep vandag. Ek bid dat julle Hom sal ontvang.

166 Nou, vanaand is 'n diens by die tabernakel. Ons mees geëerde en geliefde Broer Neville sal preek; neem ek aan, vanaand. Ek beplan om self hier te wees, as die Here wil.

167 Junie, ek gaan by jou plek probeer uitkom, Donderdagaand, as ek kan, indien enigsins moontlik. En onder in New Albany, ek dink dis julle diens-aand, is dit?

En ek het probeer om by die klein kerkies uit te kom. En nou, dierbare vriende, volgende . . .

Luister na Broer Neville se uitsending.

168 Ek wil hierdie "merk van die dier" optel en julle net presies wys waar dit vandag sit; julle wys waar elke stam van Israel sit; wys dat alles net presies wag vir die Woord om uit die Hemel te kom: "Kyk Hy kom." Sien? Dis reg. Het studeer, en gewaak, en gewag, en gebid.

169 Nou, my diens vanmôre, en nou, is om vir die siekes te bid. Daar is sommige wat hier ingekom het van verskillende dele van die land af, om voor gebid te word. En ons wil beslis vir hulle bid. Ek wil julle verseker dat God die Geneser is, dat Hy alle soorte genees.

170 Hoeveel hierbinne is genees? Laat ons julle hande sien opgaan. Nou kan julle sien. En as ek sou vra, is daar kanker, blindheid, doof, stom, kreupel. En dink net wat dit sal wees op daardie dag.

Iemand het gesê: "Ek glo nie in genesing nie."

Ek het gesê: "Jy het net 'n bietjie te laat gekom." Dis reg. "Net 'n bietjie laat. Die Heilige Gees was voor jou hier."

171 Nou die dag, toe ek geweet het my broer is sterwend daarbuite, en ek was in Kanada, reg op die Kanadese grens, hoe genadig die Here was; met 'n koors, 'n honderd-en-sewe, aan die wegkwyn. En daar gekniel in gebed. En die dokters het ingestap, die spesialiste in Louisville, en gesê: "Nou, seun, ek weet nie wat jou geloof is nie, maar," gesê: "daar was Iemand hier behalwe die dokter." Dis reg.

172 Gister het ek hom Scottsburg toe gevat om sy motor te kry. Hulle het gesê hy sal . . . Gesê: "Hulle gee hom een uur om te lewe, om sy mense daar te kry. Natuurlik, as hulle langer as 'n uur neem; sal hulle hom nooit sien nie." Wel, dit wys net, gebed verander sake. So bly dat ons 'n lewende God het! Die miljoene getuienisse van Sy Heerlikheid.

Nou, Suster Gertie, daardie beroemde ou lied: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, wat ook al gebeur."

173 Hy's hier. En hoeveel is nou hier om voor gebid te word? Laat ons julle hande sien. Sal julle julle hande opsteek, diegene waarvoor gebid moet word? Omtrent, dit lyk na omtrent vyftien. En ons wil hê julle moet . . .

Nou terwyl ons *Glo Net* sing, wil ons hê julle moet na die altaar toe kom, om voor gebid te word.

174 En dan, wanneer julle hier opkom, dan sal ons die gehoor verdaag. Hulle kan bly of gaan, en dan sal ons bid vir die siekes. Of, wag, dit sal miskien nie langer as 'n oomblik neem nie. Party . . . Die Here mag iets hier doen, vanmôre, wat julle graag sal wil sien. Miskien iemand wat blind is, of doof, of stom, die Here mag hulle genees. So ons weet net nie wat sal gebeur nie.

175 Die diens hier by die tabernakel, hou ons 'n bietjie anders as wat ons in die buite-dienste hou. Ons bring hulle gewoonlik, een-vir-een, vir onderskeiding, om uit te vind wat in hulle lewens is, en wat hulle gedoen het. Hier bid ons en lê hande op hulle, want dis 'n massiewe klomp, mense wat van alle dele van die land af inkom.

176 Ek sal julle wys. Enigiemand hier van so ver as vyftig myl buite Jeffersonville, wat gekom het om voor gebid te word, steek jou hand op. Daar het julle dit. Hoeveel so ver soos 'n honderd myl? Steek julle hande op. Daar het julle dit. Tweehonderd myl? Driehonderd myl? Sien daar? Sien? Dis wat julle is, sien! Waarskynlik van ver af, sommige van veskillende dele af. Hulle kom, wag hier in hierdie hotelle en dinge tot Sondagoggend, om voor gebid te word.

177 So, om hulle almal deur te kry, na prediking, kom ons net op en bid, en salf hulle met olie, lê hande op hulle. En, o, hoe God wonderwerke vir ons doen, en ons glo.

178 Nou terwyl ons sing, sal . . . Ek wonder of hulle 'n ry sal opstel. Broer en Suster McSpaddin, ek wonder of julle reguit op sal kom na *hierdie* kant toe, 'n bietjie, party van julle hier, sodat hulle hier kan inkom en reg om die altaar kan oplyn. En laat hulle na *hierdie* kant toe oplyn, oorkant aan *hierdie* kant; sodat hulle reguit aan *hierdie* kant kan verbygaan, oorkant aan *hierdie* kant. Terwyl die res van ons sing, *Daar Is 'n Fontein Gevul Met Bloed.* Oorkant aan my regterkant, lyn net op reg agter *hier* oorkant. En daar sal vir almal gebid word soos hulle deur die lyn kom. Kom net so ver soos net *hier*, sodat julle kan teruggaan. Goed.

. . . 'n fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Immanuel's . . . (. . . ? . . .)

. . . elk' sondevlek;
Verloor elk' sondevlek;
En sondaars, gedompel onder die vloed,
Verloor elk' sondevlek.

179 Daar is veronderstel om twee seuntjies hier te wees van die noorde af. Het hulle gearriveer? Hulle is doofstom gebore, twee seuntjies wat doofstom gebore is. Hulle is 'n klein tweeling. Hulle kom bo van Sturgis, Michigan af. Hulle is veronderstel om hier te wees vanmôre, albei van hulle, doofstom gebore. Is hulle hier? Steek julle hand op. Van Sturgis, Michigan. As hulle hier is, wil ek hê julle moet hulle bring. En kom ons gebruik hulle as 'n voorbeeld, om te wys dat God die dowes kan laat hoor en die stommes kan laat praat. Twee seuntjies van Sturgis, Michigan, het hulle gearriveer? Hulle het my gistermiddag geskakel.

180 Ek sien 'n paar kindertjies inkom. Net 'n oomblik, ons sal uitvind of . . . [Broer Branham talm—Red.] Vra daardie broer of hy van Sturgis is? Is jy van Sturgis, meneer? ['n Broer sê: "Nee, Nee. Hy's van New Albany."] Nee, hy's . . . Um-hum, um-hum. Goed. Goed.

181 Wel, dis in die haak. Julle weet God genees. Julle weet dit, so miskien is jou geval nie iets wat gesien kan word nie, maar God sal dit in elk geval doen. Jy glo dit, nie waar nie? Of dit gesien kan word of nie, maar ek kan net . . . God genees.

182 Hoeveel was nou die aand in Indianapolis toe daardie doofstom vrou, doofstom gebore, haar gehoor en spraak ontvang het? Die dame het haar van iewers af gebring, Joliet, Illinois, of iewers. Sy het nooit gepraat en gehoor in haar lewe nie. Daardie meisie kan nou sing. Sien? O, hoe wonderlik!

183 Die vrou wat in die rolstoel was, haar dokter het die volgende dag na my toe gekom, en my geraadpleeg, oorkant in die plek, oor daardie vrou wat verlam was vir, ek dink, vir omtrent vyftien jaar of langer, miskien langer as dit. Hy het gesê: "Mnr. Branham, ek het daardie vrou gedokter vir 'n jaar." En hy het gesê: "Ek het geweet daar het iets met haar gebeur," Gesê: "Hier loop sy rond, vandag, kook self."

Ek het gesê: "Sekerlik. Jesus Christus het op die toneel gekom."

184 Nou, as 'n prediker, ek's nie—ek's nie veel van 'n prediker nie. Ek's 'n spaarwiel daarmee, maar God het my gestuur om te bid vir die siekes. En ek—ek weet waar ek daar staan. Ek weet waar ek in die Evangelie staan. Ek kan dit miskien nie lewer soos, die pastore ensovoorts nie, maar ek—ek ken my posisie in Goddelike genesing, want dis waarvoor ek geroep is.

185 Nou, ek wil hê elkeen van julle moet dit doen. As daar een ding is wat ek vir julle kon doen, om julle op enige manier te help, en dit nie sou doen nie, sou ek 'n wrede persoon wees.

186 En God sou dieselfde wees. As ek wreed sou wees deur jou nie te help, as ek kon nie, (en ek, 'n mens, en jy sou my as wreed beskou, wat ek sou wees), hoeveel te meer sal jy God beskou, Wat almagtig, alwetend, alomteenwoordig is? Hoe sou jy dit regkry

om Hom nie wreed te noem, as Hy dit nie wou doen nie? Maar Hy het dit gedoen.

Hy het net een ding van jou gevra: om dit te glo. Dis die enigste grondslag.

187 As Hy dit gestel het: "As jy soveel geld betaal," kyk waar sou jy gestaan het; jy het dit nie. Wat as Hy sou sê: "As jy sal," miskien sekere dinge doen wat jy nie kan doen nie?

188 Maar daar's een ding wat binne almal se bereik is: geloof. Glo dit net. "Die gebed van geloof sal die kranke red. God sal hulle oprig."

En as die heidene, Boeddhas, ensovoorts, en ongelowiges, rou heidene wat afgode aanbid, Dit kan aanvaar en genees kan word van blind, doof, verlam.

189 In Suid-Afrika, met daardie een gebed oor die gehoor, is vyf-en-twintigduisend mense genees. Sewe lorrievragte krukke en—en rolstoele, en goed waarop hulle hulle geliefdes gedra het, is opgetel van die gronde af, na een gebed. Sewe lorrievragte; om die gronde skoon te maak vir die volgende diens. O God!

190 Ons, arme, geleerde heidene, so vol twyfel en vrees, hoekom doen julle dit? O, kan julle nie elke tou lossny, vanmôre nie? Sê: "O, daar is 'n fontein gevul met Bloed. My ore is oop. My hart is oop. Die Saad is hier. Kom, Here Jesus, en maak Dit 'n werklikheid vir my." En God sal dit skenk.

191 Hier staan 'n bejaarde man wat ek net 'n paar oomblikke gelede ontmoet het, toe ek by die deur ingekom het. Hy was hier met galblaasprobleme, jare gelede. God het hom genees, hom heeltemal gesond gemaak. Gesê: "Broer Branham, nie geweet jy gaan vir die siekes bid nie. So, ek kom . . . " Hy het 'n hartaanval gehad. Gesê: "Ek het gekom, net op goed geleun." En hier staan hy by die altaar, vanmôre, nou. Na ek vir hom gebid het 'n paar minute gelede, hier staan hy hier. God is goed. Is Hy nie? Hy's 'n goeie God. Hy het lief.

Nou, aan julle almal, ek gaan vir elkeen van julle bid, net nou.

192 En ek wil vra hoeveel mense hierbinne, wat—wat in staat is om op te staan, wat voel vir hierdie siek mense, sal hierdie gebed saam met my bid, terwyl jy jou hand opsteek. Nou, wat sê die Bybel? "Die gebed van geloof sal die krankes red. En as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit reg?

193 Nou julle mense wat in die ry staan, ek wil hê julle moet hierdie gebed bid. Nou, ek gaan dit sê. Bid julle dit. Nou met ons hoofde gebuig, julle almal saam. Diegene wat hier staan, ek wil hê júlle moet bid.

194 Almagtige God, Skepper van hemel en aarde, Outeur van ewige Lewe, ek glo nou in Jesus Christus, U Seun. Na ek Hom as My persoonlike Saligmaker aanvaar het, kom ek nou om Hom

as my Geneser te aanvaar. Ek bely nou my geloof in Hom en Sy voltooide werke. Dis hoekom ek in hierdie ry staan, dat U diensknegte die opdrag kan uitvoer, om my te salf met olie, en hande op my te lê, en 'n gebed van geloof te bid. Ek glo nou dat U my genees.

Nou hou julle hoofde gebuig.

195 Dis julle gebed. Vertrou julleself toe aan God. Daar een twyfel is, neem dit net nou weg. En ek sal julle verseker, niemand sal hierdeur kom wat nie genees is nie, as jy opreg sal kom.

Nou gaan ek vir julle bid.

Goeiste! Ek sien 'n gekleurde suster staan, wat 'n babatjie vashou, oulike dingetjie.

196 Ek dink. Nou die dag, bo by Junior Cash-hulle, daardie gekleurde meisie wat 'n ongeluk gehad het en die gehoor en spraak afgesny het, nooit weer kon praat of hoor nie. Net daar gestaan. Toe ek vir haar gebid het en die Here Jesus gevra het om haar te genees, kon sy praat en hoor. Met al die senuwees losgesny, hoe het dit gebeur? Die Skepper, God, het daardie senuwees weer bymekaar gesit, en sy kon praat en hoor.

197 Nou, Hemelse Vader, in hierdie ry staan mense vanaf dele van die land, en selfs dele van die wêreld. Party van hulle hier van Afrika en van verskillende plekke af. Iers, Engels, Afrikaan, alle soorte nasies, het na die fontein toe gekom. En ek bring hulle na U toe, volgens die belydenis van hulle geloof. En na ek hulle gekry het om hierdie woorde aan U te herhaal, in gebed, God, dat dit gekom het uit die opregtheid en die diepte van hulle hart.

198 Ek bid nou hierdie gebed, die gebed van geloof wat die krankes sal red. God, wees genadig. En ek bid dat U hulle, elkeen, sal genees. Dierbare God, in die wete dat daar niks in my of in U geliefde dienskneg, Broer Neville, is nie. Maar U het ons opdrag gegee, dat ons in die hele wêreld moes ingaan, die siekes moes salf en vir hulle bid, hande op hulle lê en 'n gebed van geloof vir hulle bid, en U het gesê dit sal die kranke red.

199 En ek weet dat ons krag het. U het Dit vir ons gegee toe U vir ons die Heilige Gees gegee het. Dis die krag. En nou, Here, gee ons geloof om hierdie krag te laat werk.

200 Ons sien toe U die dissipels krag gegee het, en vir hulle gesê het om die dooies op te wek, die siekes te genees, en duiwels uit te dryf, het ons uitgevind dat hulle verslaan is. En hulle het vir U gesê: "Hoekom kon ons dit nie doen, nadat U ons die krag gegee het nie?"

U het gesê: "As gevolg van julle ongeloof."

God, neem weg my ongeloof en die ongeloof van hierdie gehoor.

201 En ek benader U, Here, asof ek sterwend was; en ek staan in die bresse hier vanmôre, tussen die lewendes en dooies. En ek vra U, Dierbare God, dat diegene wat in die middeweg, die oorgang is, sterwend aan kanker, met siektes; O lewende God, verban die dood uit hulle, en laat lewe die plek inneem, tot die eer van God. Ek glo, en bid, en vertrou hierdie gebed toe aan U, Here. Soos ek hande op die siekes lê, in die Naam van Jesus Christus, dat U elkeen van hulle sal genees, tot die eer van God en om die Evangelie se ontwil.

202 Nou met ons hoofde gebuig. Saggies, Suster Gertie, lei jy die sang, *Daar Is 'n Fontein*. Nee, ek sal dit verander. *Glo Net*, saggies, almal.

Broer Neville, kom met die salwingsolie. Almal in gebed. Almal wat aan God vashou, soos ons hande op hulle gaan lê en bid.

In Jesus' Naam . . .?. . .

In die Naam van die Here . . .?. . .

In die Naam van die Here Jesus . . .?. . .

In die Naam van die Here Jesus . . .?. . .

In die Naam van die Here Jesus . . .?. . .

In die Naam van die Here Jesus, ontvang . . .?. . .

In die Naam van die Here Jesus . . .?. . .

In die Naam van die Here Jesus, ontvang jou genesing.

In die Naam van die Here Jesus . . . [Leë kol op band—Red.]

203 Ek vertrou dat God nie dink ek probeer iets boos doen nie. Hierdie arme seun het 'n duisend myl gekom. En nou, vriende, sien julle waar ek staan? My God moet reg of verkeerd wees. Ek glo God. Hierdie is God se Woord. Die Koran, alle ander boeke, is vals. Hierdie is die waarheid, God se Woord.

204 Sonder 'n visioen, sonder niks, maar in geloof dat daardie Engel van God, Wat ek weet teenwoordig staan, tot my redding sal kom deur die Bloed van Jesus Christus, en hierdie sal doen, waarvoor ek gevra het.

205 En nou, sê ek dit vir hierdie gehoor, verstaan goed: As jy jou kop optel voor jy my stem hoor, sal ek nie verantwoordelik wees vir wat gebeur nie. Want julle weet dat hierdie geeste van een na 'n ander gaan. Hulle sal reguit na jou toe kom.

206 So, in Jesus Christus' Naam, maak nie saak hoe 'n groot gelowige jy glo jy is nie, ek vra jou om jou hoof gebuig te hou, jou oë toe, totdat jy my stem hoor. Moenie kyk wat ek doen nie. Ek bid, dis al wat ek doen, maar die poort van die siel, is die oë. En wanneer jy kyk, dink jy baiekeer jy het geloof wanneer jy nie het nie. Jy het net hoop.

207 Nou, asseblief, net van nou af, mag elke hoof gebuig bly, elke oog toe, binne en buite, totdat julle my stem hoor sê: "Tel op jou kop." Mag julle, in Christus' Naam, dit doen.

208 Dierbare God, deur voor hierdie broer te staan, in U Naam, in die Naam van U Heilige Kind, die Here Jesus. O U, Wat in Galiléa gewandel het; U, Wat die dowes laat hoor het, die stommes laat praat het, die blindes laat sien het; en U het, deur die Heilige Gees, hierdie Krag in U Kerk in geprojekteer. O Ewige God, Wat Jesus opgewek het uit die dood, help my om op hierdie oomblik geloof te hê, want hierdie seun, wat doofstom is, nie kan hoor nie, en nie weet hoe om geloof te hê nie, mag hy hoor, Here.

209 En nou, met die soewereine genade van God, met die getuienis van die Heilige Gees, en met die bevestiging van die wêreldwye bediening wat U aan U nie-winsgewende dienskneg gegee het, as 'n onwaardige persoon, en een wat nie in staat is nie, maar 'n gelowige, daag ek nou hierdie stomgees uit in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God.

210 En met 'n opregte hart, sê ek, kom uit die man uit. Want ek beveel jou, deur die lewende God, dat jy hom verlaat, sodat hy gesond kan word. In Christus' Naam, daag ek jou uit om uit die man uit te kom, deur die Bloed van die Here Jesus.

Elke oog toe, elke hoof gebuig.

[Broer Branham klap sy hande—Red.] Hoor my? Hoor my? Hoor jy my?

Hy hoor. Hou nou net jou hoof gebuig.

Sê: "Prys God." [Die broer sê: "Prys God."—Red.] Sê: "Ek het Jesus lief." ["Ek het Jesus lief."] "Prys God." ["Prys God."]

Nou, kan jy jou kop optel. [Die broer sê: "Tel kop op."—Red.] Tel nou jou kop op.

"Prys die Here." [Die broer sê: "Prys die Here."—Red.] "Ek het Jesus lief." ["Ek het Jesus lief."] "Halleluja." ["Halleluja."]

Kom ons sê: "Prys die Here!" [Die gemeente sê: "Prys die Here!"—Red.] Kom ons prys God. Kom ons staan op ons voete net 'n oomblik.

211 Almagtige God, Outeur van Ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge af op hierdie kinders. Ek bid dat U hulle sal salf. Gee hulle die begeertes van hulle hart deur hulle te vul met die Heilige Gees. Groot tekens en wonders gedoen kan word tot die eer van God, deur Jesus' Naam. Amen.

Nou, kan julle maar sit. Hy—hy sê, deur die mikrofoon, hy kan my 'n bietjie deur die mikrofoon hoor.

212 Wuif jou hande. Hoor dit? Deur die mikrofoon? My 'n bietjie hoor? My nou, hoor? Ja? Prys die Here. Kom ons sê: "Prys die Here!" [Die gemeente sê: "Prys die Here!"—Red.] Amen. Dis goed.

213 Nou, wat het gebeur? Die doofstom gees het hom verlaat. Nou, begin hy praat soos 'n baba, hoor soos 'n baba, om te verstaan soos 'n baba. Die gees wat hom gevange gehou het, het hom verlaat.

Nou, kyk dat hy aanhou om dit te doen. Sien? Moenie dat ongeloof meer neerdaal nie. Laat dit voortgaan. Amen. En word gesond. Amen.

214 O, julle moet sy gesig sien, hoe hy glimlag, en hierdie kant toe kyk. Speel die musiek, Suster Gertie. Hoor dit? Wag. Ja. Hy praat met my. Amen. Kom ons sê: "Prys die Here!" Almal. [Die gemeente sê: "Prys die Here!"—Red.]

Jesus leef en regeer, lewe Hy nie?

215 Kom ons sê: "Ek glo." [Die gemeente herhaal saam met Broer Branham—Red.] Ek glo. "Ek het Jesus lief." Ek het Jesus lief. "Prys die Here!" Prys die Here!

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik, nou. Hoe wonderlik, hoe glorieryk!

Hoe vermoeiend, hoe smakeloos die uur,
Wanneer ek Jesus, nie meer sien nie!
Soete vooruitsigte, soete musiek, soete blomme,
Het alles hulle skoonheid verloor vir my.
Die velde probeer verniet bly lyk;
Maar wanneer gelukkig in Hom,
Is Desember so pragtig soos Mei.

Hoe wonderlik!

O God, hoe ons U liefhet, en U aanbid. Hoe ons U loof. Hoe weergaloos is U, hoe goed, hoe vol genade.

216 Laat ons net ons hande baie stadig opsteek, nou, op na Hom en Hom net 'n oomblik aanbid. As julle net julle hande opsteek, en sê: "Prys die Here Jesus!"

Kom, Broer Neville . . . ? . . . Verdaag in gebed.

Die Merk Van Die Dier AFR56-0715
(The Mark Of The Beast)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 15 Julie 1956, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org